

Tweede preek: Lees; Joh.8:31,32 en 47

Tema: Om te verkondig, te bely en werklik te beleef dat slegs die waarheid jou vry maak, moet jy God se Woord ken, dit gehoorsaam en uit die krag van Sy Woord leef!

Voor ons dan sekermaak dat ons die boodskap van ons teks verstaan, kom ons plaas dit in die geheel van God se Woord.

Met ander woorde, kom ons kry die regte perspektief uit die "volle" raad van God / Godsopenbaring

Geliefdes - Die Drie-Enige-God , is **diè** Waarheid

- Die Vader van die waarheid – Skepper en troue Verbondsgod (Eks.3:14 – **Ek is wat Ek is**; Jes.65:16; Deutr.32:4)
- Die Seun van die waarheid – Gestuurde van die Vader en Verlosser (Joh.1:1-18; Joh.4:6; Joh.8:16-19; Joh.8:24, 28, 58 – **Ek is wat ek is** – Joh.8:28-30; Joh.4:26)
- Die Gees van waarheid - Gestuurde van die Vader en die Seun en Heiligmaker (Joh. 4:23,24; Joh.14; 15 en 16; 2 Kor.3:17,18 – **Waar** die Gees van die Here is, is daar vryheid. As ons vry is kan ons weer die heerlijkheid van God weer-spieël en verander word om meer en meer die beeld van Christus te vertoo

Eienskappe van die God van waarheid:

God is: Almagtig, Alwys, Alwetend, Soewerein, Reg, Heilig, Volmaak, Goed, Lig, Liefde, ens.

Eienskappe en plek van die God-geskape-mens:

Voor die sondeval: Die mens is geskape na die beeld van God. Het van die eienskappe van God gehad bv. reg, heilig, volmaak, goed, lig, liefde, ens. Die mens het in kennis en waarheid geleef (In paradys).

Na die sondeval: Die mens is hiervan beroof. Dra nou tekens van 'n gebroke beeld van God. Leef nou weg van God , goddeloos , sonder God (buite paradys). Is nou in die mag van die duiwel en die sonde. Is nou in die leuen (valsheid) in onkunde en in die duisternis vasgevang.

Gemeente - God se Woord is **diè** waarheid (die Ware kennis)

- God skep en herskep deur Sy Woord :
 - Skeppingswoord (**Begin by Genesis 1 & 2:** Skeppings-verhaal)
 - Herskeppingswoord (**Gen.3 tot Openbaring**)
 - Die openbaring van Sy Woord:
 - Skrifgeworde Woord (**Die Bybel – in besonder Ou Testament tot by Christus**)
 - Vleesgeworde Woord (Die Bybel – **in besonder Nuwe Testament soos gesien en ervaar in die koms van Christus** — Sien Joh.1)
 - Gees geleide Woord (Die Bybel - **in besonder soos gesien en ervaar met die koms van die Heilige Gees**)

en die belydenis , getuienis en verkondiging van die dissipels van Christus (toe en nou)

- Die krag van God se Woord (en Gees) - (in besonder Sy herskeppingswoord) "maak heel" / "herstel" / "vul aan" / "maak geestelik volwasse" / "reghelp" / "toerus" / "oprig" / "volgroeï" / "volmaak" / "volwasse" 1 Tess. 3:10; 2 Kor. 13:11; Gal.6:1; Hebr.13:21; 1 Petr. 5:1; Efes.4:12-16 (Grieks: katartizoo; katartismos; oikodomee; telios; plerooma; auxano; auxeesis).
- Kennis van Christus wek lewe (2 Kor.2:12-14)

Ja, Die Bybel is die Woord van God – die Woord van waarheid (Joh.17:17; 2 Kor. 6:7; Kol.1:5; 2 Tim. 2:15; Jak. 1:18)

- God openbaar in die Bybel die Evangelie van waarheid Gal.1 en 2) – die Goeie nuus van verlossing.

Kom ons luister nou in die lig hiervan, na die teksverse - na Jesus se woorde: *"As julle aan My woorde getrou bly, is julle waarlik My dissipels, en julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak"* (Sien ook vers 36)

Vrymaak van wat ? -- Van die sondige mens se werklike (ellendige) situasie:

Die sondige mens ken nie die ware God nie (Joh.8:12-29, 54)

Is nie waarlik vry nie – is slaaf van die sonde en slaaf / kind van die duiwel (Joh.8: 34-47)

Die sondige mens se standpunt: **Ek** ken 'n god en ek is niemand se slaaf nie (Joh. 8: 54,55 en 33)

Daarom gee God Sy Woord (Sy Goeie Nuus) aan die sondige mens en aan die wat bely dat hulle in Hom glo

Hy eis: Glo My Woord en vertrou daarop (sien ook Hebr.3:6)

Wees weer My dissipels / My volgelinge / My kinders (sien ook 1 Kor.15:58) **Ken** die waarheid (sien ook 1 Tim.3:4 asook Gal.3:1)

Wees gehoorsaam aan die waarheid; Gal.2:5 – handhaaf die waarheid; Efes.4:7-16 - **groeï** in ware kennis – word geestelik volwasse, soos Christus; 1 Tim.3:15 – **wees** 'n draer en 'n beskermmer van die waarheid. ('n pilaar en 'n grondslag).

Wees werklik vry teenoor valse vryheid of die misbruik van vryheid... (Gal.5:1,13-26; 1 Petr.3:11-17) .

Saam met vryheid, kom bepaalde verantwoordelikhede.

Gebruik jou vryheid om vir God te dien.

Bevestig die woorde in Ps.119:105 en laat ander ook tot die belydenis kom: " U Woord is die lamp wat vir my die weg wys ... dit is die lig op my pad".

Bid onophoudelik die woorde van Ps. 25:4 en Ps. 90:12, en skep geleenthede vir ander om dit ook te bid: "**Maak** my u wil bekend Here, leer my u paaie". "**Leer** ons ons dae (tyd) so te gebruik dat ons wysheid (waarheid) sal bekom."

Deel jou blydschap met ander soos ons bely in Ps.119:162: "**Oor** u woord is ek so bly soos iemand wat 'n groot skat in die hande gekry het.'

Bely en bevestig die woorde van Ps.119:163 en help ander om dit ook te bely: " **Ek** haat en verafsku leuens, maar u wet het ek lief."

Leef weer opreg in 'n persoonlike en lewende verhouding met die ware God en wees 'n voorbeeld vir ander tot Sy eer.

Br en sr - Hoe gaan jy as vrygemaakte (as verlosde), jou diensbaar maak om hierdie blye boodskap van ware vryheid in Christus, openlik te bely, te beleef en na ander uit te dra ?

Geliefdes – wees verseker ... In 'n tyd soos diè, wil God jou gebruik (Sien Ester 4:12-14)

Onthou God se Woord is lewend en kragtig – **leef** dit uit, spreek dit uit, getuig daarvan, proklameer dit, rus mense toe ...

En kom ons stel ook ander mense in staat om die Woord van waarheid / die Evangelie van waarheid, **te** ontvang – op verskeie maniere ...

Kom ons gee middele sodat die Woord (Die Bybel) in verskillende vorme voorsien kan word ...

Kom ons bid vir hulle wat betrokke is by die voorsiening van die Woord van God – Bid dit wat in Ps. 43:3 staan vir jou self en vir ander: " Stuur u lig en u waarheid dat diè ons lei..."

Kom ons maak werklik elkeen 'n verskil in 'n donker en 'n gebroke wêreld !

AMEN